

Leer by My

Deel 2 – 'n Goeie Herder

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Hoe gaan dit met jou na die eerste week van die 21 Dae van Vas en Gebed? Hoe kan jou groep jou bystaan of vir jou bid?

As jy dink aan Psalm 23, watter gedagtes of assosiasies het jy daarvoor? Verduidelik.

Sou jy jousef as 'n persoon beskryf wat maklik bekommerd raak oor dinge of is jy meer iemand wat dinge vat soos dit kom? Verduidelik.

Hoekom dink jy is mense so besig in die tyd wat ons leef?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Genesis 22:14 en Jesaja 58:11. In watter areas van jou lewe het jy beleef die Here het voorsien? Hoekom dink jy vergeet ons dit so maklik? Hoe kan jy plekke of areas skep om jou te herinner aan God se voorsiening?

Matteus 6:25-34. Hoe gehoorsaam sou jy sê is jy aan hierdie woorde van Jesus in jou eie lewe? Hoekom sukkel jy daarmee? Hoe kan ons onself hieraan herinner.

Eksodus 34:21 en Markus 2:27. Hoe getrou is jy om 'n Sabbat in jou week in te werk? Watter langtermyn effek dink jy kan ons ongehoorsaamheid in hierdie area hê?

Psalm 34:18-20. In watter area van jou lewe het jy nodig dat God naby moet wees? In watter area het jy 'n Herder nodig wat kan voorsien, versterk, lei en beskerm? Hoe kan jou groep jou ondersteun?

Johannes 10:14-15, 26-28. Watter karakter eienskappe van Jesus se skape staan vir jou uit in hierdie gedeelte? Met watter van hierdie areas sukkel jy nog? Hoe kan jy 'n volgende stap in daardie area neem?

Lees deur 1 Petrus 5:7 en Psalm 55:23. Probeer die praktyk wat in die preek genoem is: *Here, ek gee alles en almal oor aan U.* Raak stil op 'n plek en herhaal hierdie woorde 'n paar keer. Lys spesifieke dinge en mense wat jy wil oorgee soos jy dit doen. Probeer hierdie praktyk aan die begin en einde van elke dag vir hierdie week asook na 'n moeilike afspraak of oproep of epos wat jou bekommer of emosies omver gooi.

Maak 'n lys van jou bekommernisse. Maak 'n lys van wat jou lewe besig maak. Maak 'n lys van emosies wat jou dreineer. Lees Markus 8:36 en vra hierdie vraag oor elkeen van hierdie areas in jou lewe. Vra dan vir die Here om jou te leer hoe om die nodige aanpassings te maak sodat dit kan verander. Lys moontlike aanpassings wat jy ervaar.

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
